**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

16 Mei 2024

Geagte Ouers en voogde,

**OORGANG NA 'N KONTANTLOSE SKOOLOMGEWING**

Ons wil graag met hierdie skrywe ŉ belangrike verandering in ons skool se betalingsproses met u deel.

Die skool is in ŉ oorgangsproses na ŉ kontantlose omgewing. Dit beteken dat ons nie langer kontantbetalings aanvaar vir skoolgelde, hetsy vir skoolfooie, bykomende aktiwiteite of enige ander betalingsverpligtinge nie. Hierdie besluit is deeglik oorweeg en in ooreenstemming met ons skool se Finkom beleid. Ons verstaan dat hierdie verandering 'n aanpassing vir sommige ouers is, maar glo dat dit 'n stap in die regte rigting is vir die veiligheid en effektiwiteit van ons skoolomgewing.

Ons moedig ouers ook aan om vir hulle kinders 'n bankkaart te kry om hulle te help met die oorskakeling. Dit is nie net ŉ noodsaaklike aanpassing nie, maar ook 'n stap wat die veiligheid van u kinders kan verbeter. Met 'n bankkaart kan hulle betalings op 'n veilige en gerieflike manier doen, sonder om kontant te dra en die risiko te loop om dit te verloor.

Dit bied ook 'n geleentheid vir hulle om finansiële verantwoordelikheid te neem en om vertroud te raak met elektroniese betalingsmetodes wat waardevolle vaardighede vir die toekoms kan wees.

Hier is 'n paar redes vir die oorgang na 'n kontantlose stelsel:

**Veiligheid**

Deur kontanttransaksies te vermy word die risiko van diefstal en verlies verminder. Met 'n kontantlose stelsel is daar geen risiko om kontantgeld te verloor of beroof te word nie, wat 'n veiliger omgewing vir ons leerders, personeel en ouers skep.

**Gemak**

Deur gebruik te maak van elektroniese betalingsmetodes, soos debiet- en kredietkaarte, EFT-transaksies en elektroniese oorbetaling, word betalings vinniger, makliker en meer gerieflik.

**Administratiewe Effektiwiteit**

Die kontantlose stelsel help ons om akkuraatheid in ons finansiële rekords te handhaaf en verminder die risiko van menslike foute wat dikwels met kontanttransaksies geassosieer word. Dit maak ons administratiewe prosesse meer effektief en verminder die tyd wat dit neem om betalings te verwerk.

**Bydrae tot Groen Inisiatiewe**

Deur die gebruik van kontant te verminder, dra ons ook by tot 'n meer omgewingsvriendelike benadering deur papierlose en digitale betalingsprosesse te ondersteun.

**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

Ons bring dit ook graag onder u aandag dat die Hartklopfees wat op 17 Mei plaasvind, 'n KONTANTLOSE gebeurtenis is.

Ons wil verseker dat hierdie verandering nie 'n impak sal hê op die toeganklikheid van ons skool vir al ons ouers nie. Indien daar enige kwessies of bekommernisse is met betrekking tot hierdie oorgang, moedig ons julle aan om met ons in verbinding te tree sodat ons dit kan bespreek en 'n oplossing kan vind.

Ons is dankbaar vir julle begrip en ondersteuning soos ons voortgaan om 'n omgewing te skep wat die beste belange van ons skoolgemeenskap dien.

Oos-Moot groete
S THERON
HOOF